| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | BESIGHEIDSTUDIES |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 10 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord:

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings en dek die volgende **TWEE** onderwerpe: **BESIGHEIDSGELEENTHEDE** en **BESIGHEIDSROLLE**.

   **AFDELING A:** AL die vrae in hierdie afdeling is **VERPLIGTEND**.
   **AFDELING B:** Bestaan uit DRIE vrae. Een vraag per onderwerp en 'n kombinasievraag wat beide onderwerpe dek.
   **Beantwoord enige TWEE vrae.**
   **AFDELING C:** Bestaan uit TWEE vrae, een uit elke onderwerp.
   **Beantwoord slegs EEN vraag.**

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem kennis van die vereistes.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die numeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Alle antwoorde moet in volsinne wees behalwe waar ander instruksies gegee word.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van die vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| **AFDELING** | | **VRAAG** | **PUNTE** | **TYD (minute)** |
|---|---|---|---|---|
| **A** | Meervoudige keuse, voltooi die stelling en pas vrae. **VERPLIGTEND** | 1 | 30 | 30 |
| **B** | Drie direkte/indirekte vrae **KEUSE**: Beantwoord enige **TWEE** | 2–4 | 2 x 40 (80) | 2 x 30 (60) |
| **C** | Twee opsteltipe vrae **KEUSE**: Beantwoord enige **EEN** | 5–6 | 40 | 30 |
| **TOTAAL** | | | **150** | **120** |

7. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

8. Skryf netjies en leesbaar met slegs **BLOU** ink.

# AFDELING A: VERPLIGTEND

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die nommer van die vraag (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.11 B.

1.1.1 ’n Voorbeeld van die … leierskapstyl is wanneer ’n werkgewer instruksies aan sy/haar werknemers gee sonder om hulle vir insette te raadpleeg.

A deelnemende
B outokratiese
C charismatiese
D transformerende

1.1.2 Die vaste bedrag wat die versekerde moet betaal wanneer ’n eis vir skadevergoeding ingedien word, staan bekend as die ...

A premie.
B bybetaling.
C boekwaarde.
D klousule.

1.1.3 John pas ... denke toe om vars en innoverende idees oor digitale bemarking te genereer.

A kreatiewe
B kritiese
C induktiewe
D roetine

1.1.4 Watter een van die volgende kan as ’n etiese sakepraktyk beskou word?

A Die prysoorlog tussen verskeie selfoondiensverskaffers
B Kommersiële banke wat bankkoste vasstel
C Om alle werknemers in die werkplek gelyk te behandel
D Mededingers wat saamwerk om staatstenders te beïnvloed

1.1.5 Wanneer ’n besigheid aanspreeklikheid aanvaar vir die skuld van ’n ander besigheid staan dit bekend as …

A versagting.

B uitsluiting.

C borg.

D kontinuïteit.

1.1.6 Die houers van ... voorkeuraandele ontvang gereelde vaste dividende en deel in enige surpluswins.

A kumulatiewe

B deelnemende

C aflosbare

D nie-kumulatiewe

1.1.7 ’n Voorbeeld van ’n nie-versekerbare risiko is ...

A ’n voertuigongeluk.

B storms.

C verbeterings in tegnologie.

D vuur.

1.1.8 Die stelsel wat die gedrag en prestasie toon van spanlede wat saamwerk.

A Spandinamika

B Gedeelde waardes

C Spanwerk

D Kommunikasie

1.1.9 ’n Visuele hulpmiddel wat deur die aanraking van ’n vinger beheer kan word, en die aanbieder toelaat om tydens die aanbieding van die rekenaar af te kan wegbeweeg.

A Interaktiewe witbord

B Blaaibord

C PowerPoint

D Oorhoofse projektor

© SACAI KOPIEREG

1.1.10 Hierdie vorm van eienaarskap vereis drie of meer direkteure met een of meer aandeelhouers.

A Vennootskappe

B Maatskappye in staatsbesit

C Beslote korporasies

D Privaat maatskappye

(10x2)(20)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) hieronder gelys te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| Delphi-tegniek, skuldbriefhouers, diversiteit, repokoers, versekering,<br>Kragveldontledingstegniek, assuransie, primakoers, menseregte, aandeelhouers |

1.2.1 Uittree-annuïteite is ’n voorbeeld van ...

1.2.2 Afro Groothandelaars moedig ... in die werkplek aan deur mense van verskillende kulturele agtergronde in diens te neem.

1.2.3 Die ... maak gebruik van vraelyste van deskundiges om komplekse besigheidsprobleme op te los.

1.2.4 Tswelopele Bpk betaal rente aan sy ... ongeag of hulle genoeg wins gemaak het of nie.

1.2.5 Die rentekoers waarteen die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) geld aan handelsbanke leen, staan bekend as die …

(5x1)(5)

1.3 Kies die beskrywing uit Kolom B wat by die term in Kolom A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die nommer van die vraag (1.3.1 tot 1.3.5), in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Dividende | A | ’n Proses waarin ’n onafhanklike persoon ’n dispuut besleg |
| 1.3.2 | Konflik | B | Opbrengste verdien op ’n deposito by ’n finansiële instelling |
| 1.3.3 | Stokvel | C | Stel standaarde en gedrag vir ’n spesifieke groep mense |
| 1.3.4 | Inheemse kennis | D | ’n Botsing van menings tussen werknemers in die werkplek |
| 1.3.5 | Arbitrasie | E | Opbrengs verdien op aandelebeleggings |
| | | F | ’n Informele spaarskema gebaseer op lede se vertroue |
| | | G | ’n Formele klag wat deur werknemers in die werkplek gelê word |
| | | H | Inligting, feite en vaardighede wat oor generasies deur ’n spesifieke groep mense ontwikkel is |
| | | I | ’n Proses waartydens twee mense versoen |
| | | J | ’n Beleggingsfonds waar eenhede in ’n aandeleportefeulje gekoop word |

(5x1)(5)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

## AFDELING B

Beantwoord enige **TWEE** vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Gee VIER voorbeelde van versekerbare risiko's. (4)

2.2 Brei uit oor die betekenis van oorversekering. (4)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SLIMHORLOSIE VERKOPERS (SHV)**

Slimhorlosie verkopers is in Pretoria geleë en spesialiseer in die verkoop van slimhorlosies. Die bestuur van SHV gebruik belonings en strawwe om werknemers te motiveer en te lei om gestelde teikens vir verkope te bereik.

2.3.1 Identifiseer die tipe leierskapstyl wat deur die bestuur van SHV in die scenario hierbo toegepas word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal. (3)

2.3.2 Verduidelik die positiewe impak wat die leierskapstyl wat in VRAAG 2.3.1 geïdentifiseer is op besighede het. (6)

2.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TROU KONFERENSIE SENTRUM (TKS)**

Jane en James is bruidskonsultante en het onlangs die Trou Konferensie Sentrum geopen. Hulle beoog om die winste gelykop te deel en sal ook gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik wees vir die skulde van TKS.

2.4.1 Identifiseer die vorm van eienaarskap van toepassing op TKS in die scenario hierbo. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal. (3)

2.4.2 Bespreek die nadele van die vorm van eienaarskap wat in VRAAG 2.4.1 geïdentifiseer is. (6)

2.5 Verduidelik hoe die volgende faktore kan bydra tot die sukses en/of mislukking van 'n publieke maatskappy.

a) Bestuur
b) Belasting (8)

2.6 Beveel faktore aan wat in ag geneem moet word wanneer jy vir 'n aanbieding voorberei. (6)

**[40]**

© SACAI KOPIEREG

## VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Gee VIER voorbeelde van korporatiewe maatskaplike beleggingsprojekte. (4)

3.2 Identifiseer die probleemoplossingstegniek in ELK van die volgende stellings.

3.2.1 ’n Geleentheid waar werknemers lukraak en spontaan idees gee, wat dan op ’n blaaibord neergeskryf word

3.2.2 Werknemers word in kleiner groepe verdeel; elke werknemer sal geleentheid in die kleingroep kry om sy/haar idee te deel (4)

3.3 Onderskei tussen *etiese gedrag* en *professionele gedrag*. (8)

3.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**INTERNE OUDITEURS ING. (IO)**

Emily is ’n betroubare en ervare werknemer van Interne Ouditeurs Ing. Die besigheid het ’n bevorderingspos geadverteer. Joshua, die menslike hulpbronbestuurder, het belowe om Emily aan te stel in ruil vir ’n seksuele guns. Hy gebruik ook dikwels die besigheid se brandstofkaart vir sy privaat voertuig.

3.4.1 Haal TWEE onetiese sakepraktyke wat deur IO toegepas word uit die scenario hierbo aan. (2)

3.4.2 Stel maniere voor waarop IO EEN van die onetiese sakepraktyke wat in VRAAG 3.4.1 geïdentifiseer is, kan hanteer. (6)

3.5 Verduidelik die voordele van diversiteit in die werkplek. (6)

3.6 Bespreek die impak van korporatiewe maatskaplike investering (KMI) op gemeenskappe. (6)

3.7 Stel maniere voor waarop besighede werkloosheid in gemeenskappe kan hanteer. (4)

**[40]**

## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSGELEENTHEDE

4.1 Noem VIER tipes aandele. (4)

4.2 Identifiseer die tipe beleggingsgeleentheid in ELK van die volgende stellings.

4.2.1 James het geboue en masjinerie gekoop vir die besigheid wat hy wil oopmaak.

4.2.2 Lethabo het haar geld by Change Bank belê en kan dit eers ná die vervaldatum onttrek. (4)

4.3 Bespreek die situasionele leierskapteorie. (6)

4.4 Adviseer besighede oor die rol van persoonlike houding in suksesvolle leierskap. (6)

### BESIGHEIDSROLLE

4.5 Noem VIER diversiteitskwessies. (4)

4.6 Bespreek hoe besighede privaatheid as ’n mensereg in die werkplek kan hanteer. (4)

4.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> **GROENLYN LOODGIETER (GL)**
>
> Die senior bestuur van Groenlyn Loodgieter streef na etiese leierskap wanneer hulle hul daaglikse sake doen. GL verskaf akkurate en volledige inligting oor hul handelinge en bestuur aan al hul belanghebbendes.

4.7.1 Identifiseer die King Code-beginsel wat deur GL in die scenario hierbo toegepas word. (2)

4.7.2 Verduidelik hoe besighede EEN ander King-kode-beginsel kan toepas vir goeie korporatiewe bestuur. (4)

4.8 Adviseer besighede oor die voordele van kreatiewe denke in die werkplek. (6)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: [80]**

## AFDELING C

Beantwoord slegs **EEN** vraag in hierdie afdeling.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSONDERNEMINGS (BELEGGING: SEKURITEITE)

| |
|---|
| Die doel van 'n belegging is om 'n opbrengs te ontvang of om die oorspronklike kapitaalbedrag wat belê is, te laat groei. Die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE) is 'n formele mark waar alle aandele/eenhede daagliks verhandel kan word. Beleggings in verskeie openbare maatskappye en in verskillende bedrae kan by hierdie mark benader en verhandel word. |

Skryf 'n opstel oor belegging sekuriteite waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf die funksies van die Johannesburgse Effektebeurs.
- Onderskei tussen *gewone aandele* en *voorkeuraandele*.
- Verduidelik enige VIER faktore wat in ag geneem moet word wanneer 'n beleggingsbesluit geneem word.
- Evalueer die impak van die RSA Kleinhandel-spaareffekte as 'n vorm van belegging. (40)

### VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (SPANPRESTASIE EN KONFLIKBESTUUR)

| |
|---|
| Effektiewe spanwerkprosesse is nodig vir besigheidsukses. Dit is nie die sukses van 'n enkele persoon wat 'n besigheid bou nie, maar 'n span se sukses. Daarom is dit belangrik dat mense in die werkplek saamwerk om by te dra tot die bereiking van die onderneming se doelwitte. |

Skryf 'n opstel oor spanprestasie en konflikbestuur waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die oorsake van konflik in die werkplek uit.
- Verduidelik enige VIER stadiums van spanontwikkeling.
- Bespreek die kenmerke van suksesvolle spanprestasie.
- Adviseer besighede oor die korrekte prosedure om griewe in die werkplek te hanteer. (40)

**TOTAAL AFDELING C: [40]**

**GROOTTOTAAL: [150]**

© SACAI KOPIEREG